



Verwysing: 20160815-3219
7/1B
Navrae: Kringbestuurders

Omsendbrief: 0030/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole en beheerliggaamlede

Kort opsomming: Voorsiening van 2017 onderwysdiensstate aan gewone openbare skole.

Onderwerp: Voorsiening van 2017 onderwysdiensstate aan gewone openbare skole

1. 2017 diensstate

Verwys asseblief na die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) Omsendbrief 0031/2009, van 28 Augustus 2009, vir 'n volle beskrywing van die wetgewing en maatreëls van toepassing op die jaarlikse uitreik van onderwysdiensstate aan skole. Die inhoud van daardie omsendbrief bly van toepassing op 2017, behalwe vir die volgende wysigings:

- 1.1 Ingevolge die maatreëls van die Hersiene Posverspreidingsmodel, moet gewone openbare skole en spesiale openbare skole teen 30 September van die voorafgaande jaar van hul jaarlikse onderwysdiensstate voorsien word. Dus, vir die 2016 akademiese jaar verval alle onderwysdiensstate wat aan gewone openbare en spesiale openbare skole uitgereik is (sowel as alle addisionele poste wat geskep is vir en uitgereik is aan 'n openbare skool in 2016 as gevolg van 'n toename in die leerderinskrywings of die kurrikulumbehoefte van die skool) op 31 Desember 2016.
- 1.2 Die onderwysdiensstate vir 2017 sal op 19 Augustus 2016 op die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) onder die skakel *Administration (Establishments)* gepubliseer word.

2. Addisionele toekennings (Posvlak 1-poste)

Die WKOD behou die reg voor om die toekenning van die onderwysdiensstate van 2017 te hersien indien daar bevind word dat die inligting oor 'n skool, soos vervat op SOBIS, nie korrek is nie.

3. Hersiening van die 2017 onderwysdiensstate

- 3.1 Skole kan 'n hersiening van die berekening van hul onderwysdiensstaat aanvra indien die **SOBIS-leerderinskrywings op die onderwysdiensstaatbrief van die leerderdata op 31 Julie 2016 verskil**. Ten einde die WKOD in staat te stel om die berekening uit te voer, moet die skool bewyse aan die Direktooraat: Strategiese Mensbestuur voorlê dat die leerderinskrywings, soos gebruik en in die onderwysdiensstaatbrief vermeld, foutief is. Hierbenewens kan skole wat aandui dat hulle genoeg klaskamers het en addisionele leerders ingeskryf het, of van voorneme is om addisionele leerders vir 2017 in te skryf, vir addisionele poste aansoek doen. Aansoeke moet tussen 22 Augustus 2016 en 16 September 2016 ingedien word en **alle aansoeke moet op SOBIS gedoen word. Geen aansoek vir addisionele poste sal oorweeg word indien dit nie op SOBIS voltooi is nie.**
- 3.2 In die geval waar 'n skool 'n graad of grade uittafaseer, sal die onderwysdiensstaat hersien word, gebaseer op die aantal leerders wat in die skool agterbly. In die geval waar leerders 'n skool verlaat tydens die uittafasering van 'n graad of grade, sal die onderwysdiensstate van die ontvangende skool (skole) hersien word.

4. Herberekening van die onderwysdiensstaat as gevolg van 'n verandering in leerderinskrywings gedurende 2017

- 4.1 Die WKOD behou die reg voor om Posvlak 1-poste af te skaf indien daar in die loop van 2017 'n afname in die skool se leerderinskrywings is. In sodanige gevalle sal onderwysers wat tydelik aangestel is, **ná konsultasie**, na poste by ander skole oorgeplaas word. Daarom, indien onderwysers op 'n tydelike basis gewerf word, **moet** prinsipale aansoekers inlig dat hulle aangestel sal word met die verstandhouding dat hulle moontlik na ander skole oorgeplaas kan word indien hul poste, as gevolg van 'n afname in die leerderinskrywings by die skool, afgeskaf word.
- 4.2 Alle kontrakaanstellings **moet** vir 12 maande wees indien dit teen 'n addisionele kontrakpos is wat vir **12 maande aan die skool toegeken is**. Hierdie nominasies moet deur middel van die Kontrakaanstellingnasporsingstelsel (KAN) aan Hoofkantoor ingedien word.
- 4.3 Kontrakaanstellings teen permanente vakante poste **moet** vir 'n tydperk van ses maande gemaak word indien die skool vir sodanige pos kwalifiseer. **Indien dieselfde pos na ses maande steeds vakant is, moet dit deur dieselfde posbektel gevul word indien sy of haar prestasie bevredigend is.**
- 4.4 Alle skole moet hul inskrywingsgetalle teen Dinsdag, 07 Maart 2017 op SOBIS bywerk. Die onderwysdiensstate van alle skole waarvan die leerderinskrywings minder is as hul leerderinskrywingstal op 31 Julie 2016, sal teen 17 Maart 2017 herbereken word. Indien die skool 'n pos of poste moet verloor, sal die getal kontrakaanstellings gelyk aan of

minder as die getal poste wat die skool verloor, nie met ingang 01 April 2017 toegeken word nie.

- 4.5 In gevalle waar daar vanaf 11 Januarie 2017 tot 31 Januarie 2017 'n toename in leerderinskrywings is, kan die skool gedurende die tydperk van 11 Januarie 2017 tot 31 Januarie 2017 aanlyn om 'n groeipos of groeiposte aansoek doen. Die leerderinskrywingstotaal op SOBIS ten tye van die aansoek sal in ag geneem word. Geen aansoek sal aanvaar word indien dit nie op SOBIS ingedien is nie.

Distrikskantore moet verseker dat alle skole hul aansoeke teen 31 Januarie 2017 aanlyn indien.

- 4.6 Prinsipale moet asseblief op die volgende let:

- **Nominasies vir onderwysers in addisionele poste, waarvoor aansoek gedoen is as gevolg van groei en/of kurrikulumbehoefte van die skool, kan slegs ná skriftelike goedkeuring van Hoofkantoor gemaak word.**
- **Geen onderwyser kan met haar/sy pligte begin voor goedkeuring vir 'n addisionele pos nie deur Hoofkantoor gegee is nie.**

5. Vul van geadverteerde poste

- 5.1 Alle poste wat reeds in 'n WKOD Vakaturelys geadverteer is, mag permanent gevul word, mits daardie poste op die onderwysdiensstaat vir 2017 verskyn.
- 5.2 Indien 'n geadverteerde pos nie op die onderwysdiensstaat vir 2017 verskyn nie, is die skool nie op daardie pos geregtig nie en sal sodanige pos as foutiewelik geadverteer beskou word.
- 5.3 Die bepaling dat 'n geadverteerde pos (veral 'n bevorderingspos) slegs gevul kan word indien dit nie veroorsaak dat 'n botallige onderwyser geskep word nie, bly van krag.
- 5.4 Indien die prinsipaal en die beheerliggaam van mening is dat die posbeskrywing van die geadverteerde pos nie langer aan die kurrikulumbehoefte van die inrigting voldoen nie, mag hulle die WKOD versoek om die pos as foutiewelik geadverteer te beskou. 'n Gedetailleerde verduideliking wat deur die prinsipaal en die voorsitter van die beheerliggaam onderteken is, moet sodanige versoek vergesel.
- 5.5 Ten einde stabiliteit in 2017 te verseker, beoog die WKOD om die omskakelproses te gebruik om Posvlak 1-poste vir aanstelling op 01 Januarie 2017 te vul. Waar poste vasgelê is om in Vakaturelys 02/2016 geadverteer te word en die skool 'n geskikte opvoeder geïdentifiseer het wat van tydelike tot permanente status omgeskakel kan word, kan die advertensie van die vakaturelys verwyder word.

6. **Vul van vakante substantiewe poste (gebaseer op onderwysdiensstate van 19 Augustus 2016)**

- 6.1 Tydens besoeke deur Mensebestuurpraktyke aan distrikte gedurende Junie tot Augustus 2016, is prinsipale ingelig oor die finansiële beperkinge in die vergoeding van werknemers (VvW)-begroting vir die 2016/2017 tot 2018/2019 Mediumtermyn Uitgaweraamwerk. 'n Paar strategieë is geïdentifiseer om die impak van die VvW-uitgawe te verminder, wat insluit die effektiewe bestuur en gebruik van botallige opvoeders.
- 6.2 Een van die kostedrywers op die VvW-begroting is die dra van botallige onderwysers bo skole se diensstate. Laasgenoemde het vereis dat strategieë in werking gestel word om werknemeruitgawe binne die VvW-begroting te beperk. Een van die strategieë wat die departement gaan implementeer en monitor is die effektiewe gebruik en aanwending van botallige onderwysers. Die volgende aksieplan en tydraamwerke gaan in werking gestel word:

Intervensie en aktiwiteite	Tydraamwerk
Alle onderwysers wat nie in die 2017 onderwysdiensstate vir 2017 geabsorbeer kan word nie, word formeel botallig verklaar.	1 – 30 September 2016
Distrikte identifiseer geskikte poste vir onderwysers wat botallig verklaar is vir 2017 en konsulteer met prinsipale/beheerliggame vir die plasing van die botallige onderwysers. Formele plasingbriewe word aan botallige onderwysers uitgereik wat toepaslike teen vakante substantiewe poste vir 2017 geplaas kan word.	1 – 31 Oktober 2016
Distrikte voorsien Hoofkantoor met 'n lys van onderwysers wat nie geplaas kan word nie, vir plasing in ander distrikte.	31 Oktober 2016
Hoofkantoor maak aanbevelings aan distrikte vir plasing in distriksposte.	1 – 30 November 2016
Formele plasingbriewe word uitgereik aan botallige onderwysers wat toepaslike teen vakante substantiewe poste vir 2017 geplaas kan word.	1 – 30 November 2016
Botallige onderwysers wat nie geplaas kan word nie, moenie in skole se roosterbeplanning vir 2017 ingesluit word nie.	07 Desember 2016

In gevalle waar skole addisionele onderwysers as gevolg van groei in leerdergetalle benodig, sal distrikte met prinsipale/beheerliggame vir die plasing van botallige onderwysers onderhandel. Formele plasingbriewe sal uitgereik word aan onderwysers wat toepaslike geplaas kan word.	09 Januarie 2017
--	------------------

- 6.3 Onderwysers wat reeds as botallig verklaar is, gebaseer op vorige onderwysdiensstate en in ooreenstemming met vorige prosesse en **wat steeds botallig is**, behou hul botallige status. Hierdie onderwysers sal ingevolge die geldende kollektiewe ooreenkomste van die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (RAVO) hanteer word.
- 6.4 Onderwysers wat permanent aangestel is, moet ingevolge Kollektiewe Ooreenkoms 2 van 2003 van die RAVO geïdentifiseer word.
- 6.5 Daar sal verder gepoog word om botallige onderwysers in 2017 te plaas waar onderwysposte vakant raak en waar botallige onderwysers se profiel aan die kurrikulumvereistes van die vakante post/e voldoen.
- 6.6 **Aanstelling van pas gekwalifiseerde onderwysers:**

'n Ander strategie om die kostes op die VvW-begroting te verminder is om eerder pas afgestudeerde onderwysers in die WKOD aan te stel as onderwysers wat reeds teen hoë salarisse betaal word. Sodoende tref ons voorsorg dat nuwe, jonger onderwysers die diens van die WKOD betree.

'n **Pas afgestudeerde onderwyser** word gedefinieer as 'n finalejaarstudent en/of 'n gekwalifiseerde onderwyser wat die afgelope drie jaar gegradueer het en nog nooit in diens van die staat was nie. Hierdie groep sluit Funza Lushaka-beurshouers in.

Terselfdertyd erken ons dat skole die uiteindelijke keuse behoort te hê om die beste persoon vir hul skool te gekies. Ten einde te verseker dat ons die verskillende belange balanseer, moet prinsipale en beheerliggame die Hoof van Onderwys by die WKOD direk skriftelik nader (en die Distriksdirekteur hierby insluit) indien hulle sterk besware teen die aanstelling van sodanige pas afgestudeerde onderwysers by hul skole het, en die resultaat van hul petisie afwag. Sodanige petisies moet minstens twee weke voordat die onderwyser diens aanvaar, ingedien word sodat elke geval na behore oorweeg kan word.

7. **Vul van addisionele onderwysposte (gebaseer op aansoeke vir groei en kurrikulumbehoeftes tussen 22 Augustus 2016 en 18 September 2016)**

7.1 Voorkeur vir die vul van addisionele onderwysposte sal in die volgende rangorde gegee word:

- Botallige onderwysers
- Pas gekwalifiseerde onderwysers
- Ander gekwalifiseerde onderwysers

Slegs gekwalifiseerde onderwysers met 'n ROKW 13 of hoër kan vir vakante en addisionele onderwysposte oorweeg word. Die WKOD sal die reg uitoefen om ander onderwysers aan te stel slegs indien geen gekwalifiseerde onderwysers uit bogenoemde kategorieë geïdentifiseer kan word nie. Aansoeke vir die aanstelling van tydelike onderwysers in die volgende kategorieë moet vooraf deur die Hoofdirektoraat: Mensbestuurspraktyke goedgekeur word:

- a) Onderwysers bo die ouderdom van 65 jaar;
- b) Onderwysers wat die staatsdiens om die volgende redes verlaat het:
 - Aftrede
 - Bedanking
 - Swak gesondheid
 - Wangedrag
 - Dros
- c) Buitelanders;
- d) Ongekwalfiseerde en ondergekwalfiseerde onderwysers.

7.2 Distrikskantore kan ook oorplasings na ander skole goedkeur in gevalle waar die oorplasing die proses van herontplooiing sal bevorder, d.w.s waar die oorplasing die herontplooiing van 'n botallige onderwyser in 'n vakante substantiewe pos tot gevolg sal hê. Hierdie maatreël geld ook in gevalle waar die oorplasing 'n pas gekwalifiseerde onderwyser sal toelaat om in die pos wat weens die oorplasing ontruim is, aangestel te word.

8. **Navrae**

Alle navrae aangaande hierdie omsendbrief en die tersaaklike wetgewing moet aan kringbestuurders gerig word.

9. Algemeen

Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle onderwysers en lede van die beheerliggaam gebring word.

GETEKEN: PA VINJEVOLD

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2016-08-17